## 14 September 2023 - Lesing 126 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die suiwer hou van die Waarheid **–** 10/5/61

**No: 7889 Ek het stryders nodig wat opkom vir die suiwere waarheid**. En dit gee My aanleiding om julle steeds weer toe te roep. Laat My woord uit die hoogte vir julle as suiwere waarheid voldoende wees en soek dit nie êrens anders nie, tensy dit ook van My sou wees, **maar dan sal daar ook geen enkele teenspraak te vinde wees nie**.

En wie die waarheid regstreeks van My ontvang, moet daarvoor opkom **en homself deur geen enkele teenwerping in die war laat bring nie**; slegs dan kan dit moontlik wees dat sy versprei word en as 'n lig in die duister van die nag wat oor die aarde uitgesprei lê, binnestraal.

En Ek gee julle, **My ligdraers**, steeds weer die opdrag om te **waak oor die geestelike leringe wat julle regstreeks van My ontvang**. Slegs dan dien julle My op 'n goeie manier, want julle weet nie hoe My teenstander werk om teen die Lig op te tree wat uit die hoogte omlaag na die aarde straal, omdat die mense geen uitweg meer kan vind uit die nag nie, wanneer daar vir hulle nie 'n lig ontsteek word wat vir hulle die weë wat hul moet bewandel, verlig.

**Glo nie elke gees nie!** Dit moet Ek julle steeds weer sê, maar Ek moet die beoordeling ook aan julle self oorlaat. Maar **julle gees** sal julle korrek onderrig, hy sal julle aansit tot afwysing of tot aanname, as julle hom maar die moontlikheid sal gee om homself te kan uiter. **Die waarheid moet suiwer behoue bly**, **sy mag nie vermeng word met vreemde idees nie,** sy moet as My goddelike genadegeskenk herken en waardeer word. En elkeen wat haar ontvang en herken as die "Stem van die Vader", sal ook daarnaas niks anders laat opkom nie, omdat sy in staat is om hom alles te gee, **omdat die siel nou versadig voel en na geen ander spys meer verlang nie**.

Maar julle mense stel julle nie tevrede met hierdie voedsel **as julle julleself êrens anders ook nog laat voed nie.** Maar julle siel sal nie die krag kan voel wat aan haar deur die brood van die hemele toestroom nie, deur die Woord wat aan julle as die werksaamheid van My Gees gestuur word. Neem die Woord aan en gee aan ander leringe in julle hart geen geleentheid nie, as julle wil wandel in die waarheid, in die Lig, as julle My aanwesigheid wil geniet, want Ek Self is in die Woord by elkeen wat My aanneem.

**Ek Self spreek elke mensesiel toe wat na die suiwer waarheid verlang**. En elkeen wat My Self tot hom sal laat spreek, sal ook die aktiwiteit van My teenstander herken en sal homself ver weg hou van hom.

Hy sal hom afweer en sal nie weer die duisternis binnegetrek kan word nie, die verlange na Lig beskerm hom daarteen en **hy herken elke skadu** wat die Lig wil verduister en hy stap daaruit.

**En My seën sal waarlik altyd met My Ligdraers wees, Ek sal hul ywer beloon, waarmee hulle die "goddelike waarheid" suiwer probeer hou**.

Want Ek het aan hulle die opdrag gegee om haar te beskerm en dus sal hulle ook volgens My Wil handel as hulle hulleself sal afsonder van diegene wie se geestelike leringe hulle nie as suiwer waarheid kan goedkeur nie. **Want hulle voel hulleself verantwoordelik vir die suiwer hou van dit, wat Ek Self aan hulle deur die Gees oorgebring het**, hulle wil My dien en die verspreiding van die waarheid oortuig hulle van hul mening, omdat hulle in My diens staan. Amein.